



## TOULEIER



## Op soek na maskers In Barcelona

Op die vierde oggend van ons seevaart kom ons in Barcelona aan. Kamermaatjie het een van die meer energieke dagtoere gekies wat die Sagrada Familia veeltoringkerk van Gaudi ingesluit het.

Die kerk is sedert sy begin in 1882 steeds nie klaar gebou nie. Die uwe het besluit om die toer te neem waar 'n mens al die besienswaardighede vanuit die gemak van 'n luukse bus kan besigtig. Ons twee het egter 'n ander missie ook gehad.

Ons moes uitkyk of een van ons dalk 'n plekkie kon raakloop waar ons maskers kon koop vir die volgende aand tersee se gemaskerde bal. Toe ons bus op die hoogste uitkykpunt bokant Barcelona stop vir 'n bietjie bene rek, vra ek die toerleidster in my gebrekkige Spaans of sy dalk weet waar 'n mens sulke maskers kan aanskaf.

"Snaaks dat jy nou juis vir my sou vra," antwoord sy my, en verduidelik dat daar net een so 'n winkel in Barcelona is en dat bitter mense weet daarvan. Sy self het eers 'n paar dae vantevore toevallig daar verby geloop en ingestap in die klein winkeltjie.

"Die bus sal later naby dit verby ry, dis hier in Prinsesstraat," en sy wys my op 'n straatkaart wat sy in my hand stop. Sy maak ook toe so. Sommer so in haar roetine ingewerk sê sy: "Hier is nog een van Gaudi se ontwerpte huise en hier is Prinsesstraat." Ek vat 'n paar merkers.

Terug by die hawe wag ek Annabelle-hulle se bus in. Sodra sy terug is, sal ons gaan 'n taxi neem en die plek weer probeer opspoor, 'n naald in Barcelona se hooimied van nou straatjies. Terwyl ek wag, merk ek 'n taxi wat eenkant weg van die ander staan. Langs hom staan so 'n buksie van 'n Kataloniese dame. Ek stryk aan in haar rigting, jammerkierie in die hand. Sy beduie ek moet stadig en roep my toe: "Tranquilla!" wat beteken vat dit kalm. Ek pak my beste Spaans uit en dit lyk of die dame my wil omhels. Sy glimlag breed en verduidelik dat sy presies weet waar die maskerwinkeltjie is. Sy het immers in Prinsesstraat skoolgegaan!

Annabelle se bus daag op en ek merk sy het 'n nuwe bewonderaar bygekry. Sy stel my aan Paul Parfitt voor, "n regte jintelman" vertel sy vir my saggies in Afrikaans. Ons nooi hom saam en die vier van ons vat die pad terug stad toe. Die taxi-tannie stel haarself voor as Nuri en prys die hemele want, verduidelik sy, dis haar eerste besoek aan die hawe, sy werk gewoonlik net die middestad. Mans in Spanje ry nie sommer in 'n taxi wat deur 'n vrou bestuur word nie. Sy glo vas dit is als 'n bestiering. Al skertsend neem sy ons tot amper voor die winkeltjie.

Terwyl ek en Annabelle maskers koop, help Nuri vir Paul by 'n nabye sportwinkel om nie vemeuk te word nie. Hy soek ook al heeldag na een.

Op pad terug hawe toe haal Nuri 'n donkerbril uit en vra of ek die maak ken. Sy het dit glo in die waskamer by die lughawe gekry en gegoogel as 'n ontwerpersbril. Daar staan iets soos Steven Wanda op en ek waag toe dat dit miskien gemaak is deur Stevie Wonder. Skater ons almal van die lag.

Ons is ou vriende teen die tyd dat sy ons aflaa. Nuri wil eers nie die ekstra euro's neem wat ek haar in die hand wil stop nie. Ek dring aan en met trane in haar oë vat sy dit uiteindelik. Ek skryf haar telefoon nommer op 'n stukkie papier neer, 'n mens weet nooit. Terwyl ons vir Nuri vaarwel waai, merk Paul hier langs my op, "Ek het nog nooit van 'n taxibestuurder gehoor wat sê hy is te veel betaal nie, voorwaar 'n merkwaardige vrou!"

Volgende stop Heraklion, Kreta. Groot groete, Hennie en Annabelle.

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

September 1752						
S	M	Tu	W	Th	F	S
		1	2	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30

## Die geskiedenis van September 1752

Kyk mooi na hierdie almanak - let op dat daarelf dae aan die begin van die maand afwesig is.

Hier is die verklaring:

Dit was in hierdie maand in 1752 toe Engeland van die Romeinse Juliaanse kalender oorgeskakel het na die Gregoriaanse kalender. 'n Juliaanse jaar was 11 dae langer.

Die Britse Wet op Kalenders van 1751 het bepaal dat Donderdag 3 September Donderdag 14 September sal word.

Die werkers se September was 11 dae korter, maar hulle is vir die hele maand betaal.

Dis glo waar "betaalde verlof" vandaan kom.

## Die herkoms van ons gesegdes (2)

### B

**Bokveld:** Bokveld toe gaan (doodgaan, dood wees)

Die Bokveld, volgens een bron, was vroeër 'n verwysing na die hel, na aanleiding van die laaste oordeel beskryf in Mattheus 25 waar die bokke na die ewige vuur gaan. Later sou die betekenis dan uitgebrei het tot die algemene "doodgaan".

**Botter:** Dis botter aan die galg smeer (dis vergeefse moeite)  
Volgens Nederlandse bronne beteken dit maar net dat dit nie help om die galg glad te probeer maak nie – die tou gaan buitendien jou nek breek.

**Bres:** In die bres tree vir iemand (iemand verdedig)

'n Bres was 'n gat in die muur van 'n vesting wat deur beëraars gewoonlik met 'n stormram gemaak is. As 'n mens dan in daardie bres tree, het jy die swak plek toegemaak en die vesting beveilig.



KYK WAAR JY DIE PRYS PLAK!

## Het jy DIT geweet?

Die Hawaïse alfabet het net 12 letters.


Eskimo's het honderde woorde vir sneeu, maar nie een vir hallo nie.

Die kolibrie (humming bird) is die enigste voël wat ook agteruit kan vlieg.

In die Sahara-woestyn is daar 'n dorpie met die naam Tidikelt, waar daar in tien jaar geen druppel reën geval het nie.

## Verveeld by die werk?

Al wat jy nodig het, is 'n potlood, 'n vel papier, 'n paar dooie vlieë op jou vensterbank en verbeelding.



# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## BELANGRIK

Drie parlementariërs stry oor wanneer jy regtig belangrik is.

**Eerste een:** "Jy is regtig belangrik as die president jou in die gang stop en 'n geselsie aanknoop."

**Tweede een:** "Nee, dis wanneer hy jou na sy kantoor ontbied om 'n stuk wetgewing met jou te bespreek."

**Derde een:** "O nee! Jy is regtig belangrik wanneer jy reeds in die president se kantoor sit en die telefoon lui, hy dit optel en luister en dan sê: 'Die oproep is vir jou.'"



## WOUDSTORIE

Al die diere in die woud het bymekaar gekom om 'n nuwe koning te kies. Almal is daar, leeu, olifant, renoster, hulle wag net vir bobbejaan om hierdie grappie klaar te lees ....

## EERSTE SKOOLDAG

'n Trotse jong Gautengse mamma sien haar enigste seuntjie af by sy skool vir sy eerste skooldag.

"Wees 'n goeie seuntjie, my goggatjie! Dink baie aan Mammie, Soetlappie! Wag vir Mammie by die hek, my skatbolletjie! Mammie is baie lief vir jou, onthou dit!"  
Aan die einde van die skooldag wag sy vir hom by die hek. "En wat het my sterretjie geleer op sy eerste dag by die skool?"  
Seuntjie: "Ek het geleer dat my regte naam Hendrik is!"

## BLONDIE

Die blondine gaan binnelandse sake toe. Sy wil 'n sterfgeval registreer. Die klerk agter die toonbank kry die vorms en vra: "Oorledene se naam?"  
Blondine: "Petrus Johannes Botha."  
Klerk: "Geslag?"  
Blondine: "Nee, darem nie. Hy's in sy slaap dood."

## PLAASBESOEK

Die minister van landbou besoek 'n plaas in die Vrystaat en maak of sy baie belangstel in die boerdery.

"Hoekom het daardie bees nie horings nie?" vra sy.

"Daar kan verskeie redes wees waarom beeste nie horings het nie," antwoord die boer geduldig.

"Horings kan ander beeste beseer, daarom onthoring boere beeste chemies of met 'n onthoringbout wat met hitte werk of met 'n horingsknipper- of saag.

"Sommige rasse word ook totaal sonder horings gebore.

"Maar hierdie besondere bees het nie horings nie omdat dit 'n perd is."

## BC deur Johnny Hart



## STORIES UIT DIE ABO



Deur LAPPE LAUBSCHER

# Lily het haar oorlogsmedalje verdien

So twintig jaar ná die afloop van die Anglo-Boereoorlog is daar besluit om aan al die Boere wat tot die einde van die oorlog getrou gebly het, 'n medalje toe te ken. Die medalje sou bekend staan as die Anglo-Boereoorlog medalje en ongeveer 13 800 is uiteindelik toegeken.

Meer Boere was geregtig op die medalje, maar veral uit die Vrystaat was daar van generaal C.R. de Wet se volgelinge, insluitende hyself, wat geweier het om aansoek te doen.

Die mense het geargumenteer dat hulle getrou tot die einde om hul vryheid geveg het en dat hulle nie bereid was om by die Brits-ondersteunende regering van generaal Jan Smuts aansoek vir 'n medalje te gaan doen nie.

Maar dit nou daar gelaat. Onder die 13 800 medaljes wat wel toegeken is, was daar net 19 wat deur vroue ontvang is.

Van die 19 vroue wat die medalje gekry het, was net een 'n plaaslike vrou -- die ander was almal oorsese vrywilligers wat as verpleegsters by ambulanses te velde diens gedoen het.

Dit is die storie van hierdie Boeremeisie wat ek wil vertel. Haar naam was Lily Rautenbach. Sy het as verpleegster gewerk in wat gedien het as die hoofkwartier van die Rooi Kruis in die Vrystaat onder generaal De Wet. Die hospitaal was in die plaasopstal van Zaag de Jager se plaas Bezuidenhoutsdrif langs die grondpad tussen Reitz en Vrede.

Die "dokter" in bevel van die hospitaal was 'n karakter met die naam Hessel Jacob Poutsma. Hy is persoonlik deur generaal De Wet in die pos aangestel. Die enigste probleem was net dat hy geen dokter was nie.

Sy eie storie het gewissel van oorlogskorrespondent tot Boerespioen tot dokter. Voordat hy na Suid-Afrika gekom het, is hy in Nederland tot 18 maande tronkstraf gevonniss.

Op 9 Januarie 1902 het 'n Kanadese regiment onder kaptein A.O. Vaughan die hospitaal bestorm. Poutsma het later beweer dat die hospitaal vier Rooi Kruis-vlae van elke hoek gewapper het.

In die kruisvuur wat losgebars het, is Lily Rautenbach gewond. Poutsma het by generaal De Wet gaan kla oor die Kanadese wat op sy "hospitaal" geskiet het. President M T Steyn het die "oorlogsmisdad" by Lord Kitchener aangemeld, maar die Britse aanvoerder het geantwoord dat Poutsma geen dokter was nie en dat die "hospitaal" skulping aan Boeresoldate verleen het.

As gevolg van die voorval het Lily Rautenbach die res van haar lewe met 'n half verlamde regterarm geloop. Dit het haar egter nie verhoed om ná haar huwelik met Louis Boshoff tien kinders groot te maak nie.

Wat ook al die waarheid is oor wat by Bezuidenhoutsdrif gebeur het, niemand kan Lily Rautenbach haar medalje ooit misken nie.

**NOTA:** Die medalje het die ZAR-wapen aan die een kant en die Vrystaat-wapen op sy keersy gehad. Die ontvanger kon dus besluit watter kant hy vertoon.



## Stadig oor die klippe

Ander idiome word weer verklaar met humoristiese stories, soos "Stadig oor die klippe". Hierdie bekende storie gaan oor die tannie wat op 'n afgeleë plaas gesterf het. Die begrafnis was in die familiekerkhof en die kis is op 'n ossewa gelaai, met Jonas as touleier.

Op pad soontoe moes die wa deur 'n klipperige driffie en toe die wa oor die klippe stamp, het die tannie uit 'n skyndood bygekom.

Jare later het die tannie weer die tydelike met die ewige verwissel. Toe die lykstoet uit die werf wegtrek, het oom Piet gesê dat Jonas tog net stadig oor die klippe moet gaan.



"Jou brandewynder  
lag die maklikste van  
almal. Jy vertel vir hom  
die flouste grap, dan,  
kwa-kwa-kwa hy."

**JOHANN MOSTERT**

het 'n studie van  
drinkers gemaak.

Ek het ouens wat brandewyn in kroëë drink, al baie dopgehou. Hulle kan 'n vrolike klomp wees, ernstige brandewyndrinkers. En let bietjie op: Die vetste brandewyn drinkers is byna altyd die wat hul brandewyn saam met Coke Light drink.

Die maeres drink dit met gewone Coke.

'n Brandewynder druk ook tussen slukke dikwels sy glas hier voor hom teen sy maag vas, asof hy sy maag agter die glas probeer wegsteek. Kyk maar.

Dis iets wat 'n canedrinker byna nooit doen nie. 'n Cane drinker sit sy glas altyd tussen slukke op die toonbank neer.

Dis omdat cane drinkers meestal sit en drink.

'n Brandewynder staan graag en drink. Jou brandewyn drinker is ook gewoonlik die eerste een in die kroeg wat die kroegmeisie aanvat oor die musiek wat oor die luidsprekers speel.

"Haal af daai gemors, toe," sal hy hier ná die derde dubbele Klipdrift sê.  
'Sit vir ons Delarey op.'

Tog is dit nie brandewyndrinkers wat Bok van Blerk se liedjie Delarey die hardste saamsing nie. Dit is die rumdrinkers. Luister maar. Dis omdat rum drinkers oor die algemeen meer aggressief as brandewyndrinkers is.

Dit is die waarheid.

'n Brandewynder kan ook aggressief wees, maar sy aggressie is dikwels gerig teen groter groepe:

WP-ondersteuners, of loodgieters, of watter groep ook al.

Maar glimlag bietjie vir 'n rumdrinker se meisie en kyk wat gebeur. Hy sal na jou gluur en gluur en gluur; en dan moet jy maar liewer die kroeg verlaat, meneer, want jy kan dalk seerkry.

As 'n rumdrinker boonop Cream Soda of Sparberry by sy rum drink, is hy eers gevaarlik. Wees gewaarsku.

Vodka drinkers kan ook aggressief wees, maar hulle *pass* dikwels uit voordat hulle jou kan slaan. Of hulle vergeet waaroor hulle jou wou slaan en koop vir jou ook 'n vodka sodat jy ook kan vergeet.

Gin drinkers is die onaggressiefste van die lot. Dit is asof gin steeds goeie koloniale maniere in drinkers losmaak. Jou gindrinker hou altyd sy glas ver van sy lyf af, asof hy bang is hy kan daardie bitter smaak ruik. Let maar op. (Dis dalk gin wat maak dat party Britte so 'n bitter gesigsuitdrukking het.)

Gindrinksers lag nie sommer nie. Jou brandewynder lag die maklikste van almal. Jy vertel vir hom die flouste grap, dan, kwa-kwa-kwa hy.

Jou brandewynder vertel ook laataand vir jou Tolla van der Merwe-stories en maak asof dit sy eie is.

Canedrinkers vertel byna nooit stories nie. Canedrinkers sit dikwels iewers alleen en mompel dinge vir hulself.

Whiskey drinkers, weer, sê graag vir mekaar die dinge hardop wat canedrinkers net vir hulself mompel. Whiskey drinkers probeer graag diep wees.

'n Whiskey drinker sal iets sê soos: 'Ek weet ek is vergewe, maar ek weet nie hoekom ek weet nie, en dan sal hy goed oor homself voel.

'n Whiskey drinker druk ook sy glas dikwels in die middel van sy borskas vas, asof hy sy hart wil wegsteek.

'n Brandewyn drinker se glas is ook altyd halfleeg, nie halfvol nie. Ek weet dit, want ek *was* self 'n ernstige brandewynder.

Drinker: "Hulle sê brandewyn help vir 'n verkoue."

Sy boos vrou: "Maar jy het nie 'n verkoue nie!"

Drinker: "Wys jou net – hulle is reg."

# MAMMAS

## deur die oë van Graad Tweetjies

Wat doen jou Mamma in haar vrye tyd?

1. Niks. Want Mamma het nie vrye tyd nie.
2. Jy moet haar hoor! Sy betaal rekeninge die hele dag lank.

Hoe kan mens jou Mamma perfek maak?

1. Aan die binnekant is sy reeds perfek .. Buitekant ... ek dink een of ander soort plastiek operasie! Of baie seer inspuitings wat haar weer glad maak...maar pappa mag nie weet nie want hy wil nie hê Mamma moet so seer kry nie..
2. Die kleur van haar hare. Ek dink miskien blou.

As jy iets kon verander aan jou Ma, wat sal dit wees?

1. Sy het hierdie nare ding in haar kop dat ek my kamer moet aan die kant hou. Ek sou daarvan ontslae raak!
2. Ek sou haar slimmer maak, dan sal sy weet dit was my sussie wat dit gedoen het en nie ek nie.
3. Ek sou graag wou hê daardie onsigbare oë agter in haar kop moet uitval.

Dink jy Pappa is bang vir Mamma?

1. O ja, want as hy baie laat van die werk af kom trek hy sy skoen uit want hy is bang sy word wakker en vra hoekom hy nie die asdrom buitekant gesit het nie.
2. Ja hy is want as hy nie sê die kos was lekker nie word Mamma baie kwaad.
3. Hy mag nie sê sy is vet nie want dan huil sy van kwaadheit.

## En ietsie anders oor

# PAPPAS

Hoekom gaan net 10% mans hemel toe?

Want as hulle almal gaan, sal dit hel wees.

Hoekom is 100 miljoen spermselle nodig om een eiertjie te bevrug? Want nie een wil stop om aanwysings te vra nie.

Wat weet jy van 'n goedgeklede man?

Sy vrou het kleresmaak.

# Die dooie perd

**Hierdie wysheid van 'n Noord-Amerikaanse Indiane-stam word van geslag tot geslag deurgegee:**

**"As jy ontdek dat jy op 'n dooie perd ry, is dit die beste om af te klim en 'n ander perd op te saal."**

In Suid-Afrika se korporatiewe-, onderwys- en regeringsinstansies word meer gevorderde strategieë gebruik, soos:

1. Koop 'n sterker sweep.
  2. Verander die ruiters.
  3. Stel 'n komitee aan om die perd te bestudeer.
  4. Stel 'n kommissie aan wat ander lande besoek om te kyk hoe hulle dooie perde ry.
  5. Verlaag die standaard sodat dit 'n dooie perd kan insluit.
  6. Herklassifiseer die dooie perd as "lewend gestremd."
  7. Stel kontrakteurs aan om die dooie perd te ry.
  8. Span verskeie dooie perde saam in om die dooie perd se vertoning te verbeter.
  9. Verskaf bykomende fondse en/of opleiding om die dooie perd se prestasie te verbeter.
  10. Doen 'n produktiwiteitstudie om vas te stel of ligter ruiters die dooie perd se prestasie sal verbeter.
  11. Verklaar dat aangesien die dooie perd nie gevoer hoef te word nie, dit goedkoper is, laer omsetkoste vereis en dus 'n aansienliker bydrae lewer tot die eindresultaat van die ekonomie as wat met sommige ander perde die geval is.
  12. Hersien die verwagte vertoningsvereistes vir dooie perde.
- EN NATUURLIK:**
13. Promoveer die dooie perd tot 'n toesighoudende posisie.

**As jy dit alles verstaan, is jy beslis 'n Suid-Afrikaner.**

## Kinders wat in 1992 gebore is:

- Gee glad nie om wie JR geskiet het nie. Hulle weet nie eens wie JR was nie.
- Dink vigs was nog altyd deel van die lewe.
- Het nog net van apartheid gehoor.

# Net die WIT MAN kan iets só opvoeter

Die Indiaanse hoofman Twee Arende word deur 'n wit amptenaar van die Amerikaanse regering besoek.

"Jy het die wit man die afgelope 90 jaar waargeneem. Jy het sy oorloë en sy tegnologiese vooruitgang beleef. Jy het sy vooruitgang gesien, en ook die skade wat hy veroorsaak het," sê die amptenaar.

Die hoofman knik instemmend.

"As jy dit alles in berekening bring: Waar dink jy het die wit man die pad byster geraak?"

Die hoofman het die amptenaar 'n minuut lank stilswyend aangekyk, en toe kalm geantwoord:

"Toe wit man land kry, Indië regeer. Geen belasting, geen skuld, baie buffels, baie bewers, skoon water.

"Vroue doen werk, medisyne man werk verniet. Man spandeer elke dag met jag en visvang; elke nag met seks."

En toe leun die hoofman agteroor en glimlag. "Net wit man dom genoeg om te dink hy kan stelsel verbeter."

## Word ons nou regtig gek?



Net ingeval jy nog getwyfel het dat die mensdom besig is om stapelgek te word, hier is 'n paar bewyse:

### Op Pick n Pay grondbone:

Waarskuwing: Bevat neut.

*(Wat 'n nuusflits!)*

### Op Clicks se hoedmedisyne:

-- Moenie motorbestuur of met masjinerie werk nadat medisyne gedrink is nie.

*(Ja, dink net hoe die ongeluksyfer sal daal as ons vyfjariges van sulke goed af weghou!)*

### Op Woolworths se broodpoeding:

-- Produk sal warm wees nadat dit verwarm is.

*(En jy het gedink . . . ?)*

### Op 'n haardroër in Clicks:

-- Moenie gebruik as jy slaap nie.

*(En dis dan al tyd wat ek vir my hare het?)*

### Op 'n koekie Dove seep:

-- Gebruik soos gewone seep.

*(En hoe sal dit wees?)*

### Op gevriesde etes in Checkers:

Opdien-wenk: Ontvries.

*(Let wel, dis net 'n wenk!)*

### VINNIG GEDINK

'n Man stap die biblioteek binne en vra 'n boek oor selfmoord.

Swart biblioteekaresse: "Hé wéna voetsek! Wie gaan die boek terugbring?"

# Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

## Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

Staatmaker vir baie gaste!

### HOENDERPASTEI MET SPEKVLEIS

170 g gekoopte skilferdeeg of blaardeeg, of gebruik jou gunsteling botterbroodjie deeg, rol dun uit.

500 g gaar hoender in blokkies gesny.

1 pakkie spek, gesnipper.

120 g sampioene gekerf/heel knopiesampioene

62,5 ml (5 e) meelblom

62,5 ml (5e) botter

300 ml melk

Sout en peper na smaak

(Gebruik altematiewelik 1 pakkie sampioensoppoeier gemeng met 100 ml melk om te verdik i.p.v. die meel, botter en melk vir 'n witsous.)

Verhit die helfte van die botter in 'n braaipan en sorteer sampioene en spekvleis 2 tot 3 minute daarin. Haal af van hitte en sit opsy.

Verhit res van botter in die braaipan en roer meelblom by tot 'n gladde tekstuur verkry word.

Kook 2 minute en roer melk baie stadig by

**OF**

Maak die soppoeier-witsous aan en meng met hoender, sampioene en spek.

Kook oor matige hitte totdat soppoeier verdik.

Laat effens afkoel.

Skep in oondvaste bak en plaas uitgerolde deeg bo-oor.

Verf met melk en bak 30 minute in oond by 200 °C (400 °F)

Bedien warm of laat afkoel en vries.

Die pastei kan gaar of rou gevries word.

## STAMBOOM

### Help ons familiespeurders

**BAUMANN** [theo@bolteng.co.za](mailto:theo@bolteng.co.za)

Ek is op soek na Prinsloo-familie wat in 1975 woonagtig was in Klerksdorp. Jan en Fesie Prinsloo en drie seuns Jaco, Nico en Jan-Jan.

**FOUCHE** [Foudeh@mweb.co.za](mailto:Foudeh@mweb.co.za)

My oupa was Hendrik Hermanus Fouche. Hy is in 1967 oorlede; gebore 13/11/1886. My pa is Pieter Willem. Ek wil graag meer oor ons tak van die Fouche-familie uitvind.

**GROVE** [alma.erasmus@absa.co.za](mailto:alma.erasmus@absa.co.za)

Ek is op soek na die stamboek van Jan Johannes Grove en die seun David Benjamin Grove.

**KLEYNHANS** [alma.erasmus@absa.co.za](mailto:alma.erasmus@absa.co.za)

Addisioneel: Ek is opsoek na inligting oor Elsie Maria of Elsie Maria Kleyhans gebore 13 Julie 1895.

**LABUSCHAGNE** [jan.labuschagneek@gmail.com](mailto:jan.labuschagneek@gmail.com)

**SWANEPOEL** [swanepoel.izelle@gmail.com](mailto:swanepoel.izelle@gmail.com)

Ek is op soek na geskiedenis / inligting. Stamvader Pieter Jan(z) Swanepoel van België. Getroud met Sibella Sachs en gebly in die Wes-Kaap. Is besig om familie se stamboom op datum te bring.

**Kanada** het meer as die res van die wêreld saam. Kanada is 'n Indiaanse woord wat Groot Dorp beteken.

**Damaskus** in Sirië is 'n paar duisend jaar gestig voordat Rome in 753 v.C. aangelê is, en is die oudste heeltyds bewoonde stad op aarde.

**Los Angeles** se volle name is El Pueblo de Nuestra Señora la Reina de los Angeles de Porciuncula, kortweg L.A.

**Rome** was die eerste stad met 'n bevolking van een miljoen, in 133 v.C. Daar is op elke kontinent 'n stad met die naam Rome.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



"Ek het gehoor dat baie vrouens, as hulle 'n gekkelus het, iets dadelik moet kry of daar is perde. Dan jaag hulle mans die land vol om nie die hel op die hals te haal nie."

Deur **BARRY PRETORIUS**

**O**m te loop, praat of skryf kom nie vanself nie. Dit het my jare gevat om dit aan te leer. Noudat ek dit bemeester het, wil ek 'n paar staaltjies met almal 'n paar dinge deel wat my lewe opreg lekker maak

Die eerste een gaan oor gekkelus. Ek het lank en ver gesoek 'n goeie Afrikaanse woord vir *cravings*, 'n woordjie wat deurgaans verbind word met verwagte vrouens se belustigheid vir kombinasies van eetgoed wat gewone siele se mae so 'n lekker draai sal gee. Daar is egter 'n ander soort hunkering wat ontstaan wanneer mens ontsê word van 'n lekkerny waarvoor jy lief is. Mens herken dit net nie aldag betyds nie.

Ek en die vrou was juis nou-net by die dieetkundige. "Hoeveel het jy gegooi?" vra ek toe sy voor in die bakkie klim (sy werk aan haar gewig).

"Nee," sê sy self voldaan, "ek is een af." Ek is al amper van my kop af, want waar is daai lekker vet om die tjops of die lekker stuk koek of die vars warm brood en jam (moet darem sê as die brood baie warm is, dan is dit amper die hele brood en jam).

Toe sê die vrou sy het 'n gekkelus, en net daar en dan staan my nekhare so regop dat die sitplekgordel dink ek is in 'n ongeluk. Die laaste gekkelus wat my vrou gehad het word een van die dae 18!

Hoe de hel het dit nou gebeur wil ek nog sê, maarewe skielik is my woorde weg en ek sit met daai bomskok-uitdrukking in my oë. Ek gaan aan die bewys dat my vrou dink ons ry oor 'n sinkplaatpad. Nee, sê die vrou, sy het vir die dieetkundige gesê dat die dieet haar laat lus voel vir soetgoed.

'n Lamheid van verligting spoel oor my en ek kom agter die bakkie jaag reeds teen 30 in eerste rat. Nou gaan my gedagtes mos in die belustigheid rigting in, want dit is nie meer 'n bedreiging vir my nie en ek onthou my vrou se snaakse gekkeluste. Jy hoor mos altyd net van die vrou wat in die nag in die winter waatlemoenskywe wil eet, of hulle is lus vir perskes en woestersous. My vrou se ergste was, wag daarvoor . . . gerasperde beet en mayonnaise in 'n diep bord. Weet jy hoe voel ek oor mayo? Dit lyk sleg!

So het almal maar hulle stories. Nou wonder ek net of die ander mans ook sulke gekkeluste het? Ons word ook lus, nie net dors nie. Of is ek die enigste een wat so nou en dan vir iets lekkers lus kry? Ek het gehoor dat baie vrouens, as hulle 'n gekkelus het, iets dadelik moet kry of daar is perde. Dan jaag hulle mans die land vol om nie die hel op die hals te haal nie.

Het jy al vir jou vrou gesê jy is lus vir kookkos op slaai-aand? Dan kry jy mos 'n kyk wat niks goeds inhou vir die res van die somer nie. Omdat ek ook nou ouer word, hoewel my vrou sê ek gaan partykeer soos 'n kind aan, kry ek so nou en dan steeds lus vir poernjap. 'n Baie gewilde dis onder die mans! Dit is 'n inheemse dis wat heerlik is op sy tyd. Nou hoe maak jy die dis, vra jy? Jy gee die kinders narkose want hulle is te oud vir lekkergoed, praat mooi met jou vrou en beaam alles wat sy sê en kondig dan aan dat dit poernjaptyd is.

Gewoonlik gebeur een van twee dinge: óf die TV word harder gesit, óf jy sing 'n rukkies later in die stort dat die buurman wens hy was jy.

Dis weer sulke tyd op  
**11 MAART**